

**9 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 97 en 98**

**Fokusgedeelte: Psalm 98**

**Sing 'n nuwe lied**

God se kinders sing 'n nuwe lied om Hom te loof vir sy verlossingsdade. Hierdie nuwe lied wat telkens weer gesing word, loop soos 'n goue draad deur die Bybel.

Ná die uittog uit Egipte het Moses en die Israëliete 'n lied tot eer van die Here gesing (Eks 15). Die volk van die Here het ook ná die terugkeer uit ballingskap oor die verlossing wat die Here bewerk het gesing (Jes 42:10). Met die geboorte van Christus is daar ook lofsange gesing. En as die Lam die verseëelde boekrol neem om dit oop te maak, dan sing die vier lewende wesens en die vier-en-twintig ouderlinge 'n nuwe lied (Op 5:9). Die goue draad van die nuwe lied loop deur tot wanneer die Here alles nuut maak. Dan word die nuwe lied deur die kerk van alle eeue en deur die ganse skepping gesing.

Psalm 98 is 'n loflied wat sing oor die verlossing wat die Here bewerk het toe Hy die volk uit Egipte uitgelei het. Dit is ook gesing ná die terugkeer uit ballingskap. En dit sing ook oor die toekomstige verlossing wanneer God as Koning oor die aarde kom heers (vers 7-9).

As ons Psalm 98 sing, skakel ons in by die goue ketting van die nuwe lied in die Bybel. Ons sing dan oor die verlossingsdade van die Here en oor ons verlossing. En ons sing in 'n koor wat die nuwe lied inoefen om dit eendag saam met al die verlostes en die ganse skepping te sing!

*Sing: Psalm 98:1,4*

*Dr F van der Walt (Bellville-Oos)*